

Sing vooraf staande: Psalm 93:4 (p. 470)

- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 8 (p. 100)

- | | |
|---|---|
| 1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vroliek toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied. | 8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer,
prys sy grootheid, loof die HEER! |
|---|---|

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 18:11 (p. 75).

Wet

Psalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 89:12 (p. 447)

- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.

Skriflesing: Deuteronomium 7. Lees ook Amos 3:1, 2 en 1 Petrus 2:1-10

Teks: Deuteronomium 7:6, 7

Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. (Deuteronomium :6, 7 AFR1953)

Dis heerlik om God se uitverkore volk te wees. Dis maklik om 'n kind van God te wees.

- Verheerlik Hom.
- Aanbid Hom met al jou kragte en verstand.

Maar dis ook net so moeilik.

- Want niks mag geduld word wat God tot oneer is nie.
- Maar dis net so gevaarlik om tussen die uitverkorenes te wees as jy nie 'n uitverkorene is nie!

Israel maak gereed om die beloofde land in te gaan.

- Hulle ontvang nou opdragte van God rakende die land en sy mense.
- Talle nasies word deur die Here uitgelewer aan die Israeliete.
- Hulle moet almal met die banvloek getref word.

Dis 'n verskriklike opdrag.

- Hierdie volke moet almal uitgemoor word tot op die laaste een toe – mans, vrouens en kinders moet almal doodgeslaan word.
- Nie een enkele een mag lewe nie.
- As die een volk klaar doodgemaak is, sal die Here die ander een aan hulle oorgee, en dan moet dié weer uitgeroei en verdelg word.
- Dit is ontsettend en wreed.

Nou moet ons nie net na die buitekant van die saak kyk nie. Wat sê die Here hier?

- Israel is van Egipteland af op pad na Kanaän.
- Dis die simbool om uit die sonde en die dood op pad te wees na die volmaaktheid en die ewige lewe toe.
- Die grens van die land is die einde van die tyd.
- Dan oordeel die Here – die hemel behoort net aan Syne en alle ander mense en volke word summier verdelg.

Daar is geen genade vir dié wat die Almagtige nie uitverkies het nie.

- Die Kanaäniete moet uitgeroei word.
- Enersyds is dit tot straf van hulle sondes – want hulle het geen verskoning dat hulle die Here nie geken het nie.

Ons lees dit in Romeine 1:18-32. God openbaar dit wat van Hom geken kan word van die skepping af aan almal.

- Per slot van sake was almal aan die begin gelowiges, want almal stam van Noag af.
- Dis nou na die sondvloed.
- Hulle moes van geslag tot geslag die kennis en geloof aan hulle kinders oorgedra het. Daarom kan God met reg die heidense volke verdelg.

Die verdere rede vir hulle verdelging was die gevaar wat die heidene vir die gelowiges ingehou het.

- Hulle kon die Israeliete weer tot afgodediens verlei het.
- Hulle het ook!
- Want die Israeliete het nie hierdie opdragte uitgevoer soos die HERE hulle beveel het nie.

Die Israeliete is dus geestelik bedreig.

- Fisies was die Israeliete mans genoeg vir hulle, want die HERE is baie duidelik daarvoor dat die Israeliete die ander volke gaan oorwin.
- Vers 2 sê dat die HERE al daardie volke letterlik aan hulle gaan oorgee.
- Maar die HERE gebied hulle juis om daardie volke uit te roei omdat Hy hulle geloof nie onderwerp aan dié van Israel nie.

Hulle geloof moet heeltemal uitgeroei word en dit kan net op een manier gedoen word, en dis deur die hele volk uit te roei.

Die HERE beskerm hierdie uitverkore volk van Hom so, dat Hy hulle selfs verbied om enige huwelik met daardie nasies te sluit.

- Want daar gaan altyd van die een huweliksmat af invloed uit op die ander een.
- Daarmee sou die satan en die afgodsdienste 'n vastrapplek in die Godsvolk kon kry.
- Hulle mag selfs nie eens 'n verbond met enige van die volke of nasies sluit nie.

Ons weet dat die Israeliete nie geluister het nie.

- Hulle het verbonde met die mense aangegaan, en hulle het hulle nie almal met die banvloek getref nie.
- Dit was toe juis die mense wat hulle so begenadig het wat hulle later soveel tranes besorg het.
- So laat God nie die sondes ongestraf bly nie.

Hierdie mense wat met die banvloek getref moes word, was aanbidders van Baäl en Asjera.

- Die feit van hulle ongehoorsaamheid lei byvoorbeeld tot die botsing tussen Elia en die profete van Baäl en Asjera op Karmel.
- Dis baie jare later, maar dis juis die ding wat God wou verhoed.

Daar is nog meer redes waarom hierdie volke verdag moes word.

- Kanaän was die land wat aan die HERE behoort het – daarom kan Hy dit aan sy volk gee.
- Maar ook juis daarom kan ander gode nie daar geduld word nie!

Nou kan u die moedeloosheid van die volk besef.

- Hoe sou jy voel as jy alle mense in hierdie land met jou swaard moes keelaf sny?
- Hoe sou jy dit oor jou hart kry om duisende klein babatjies dood te slaan as jyself 'n vader van klein kindertjies is?

Dan kom God en Hy motiveer sy opdrag: Dis omdat jy 'n heilige volk is.

- Jy is heilig aan die HERE!
- Jy is deur die HERE gereserveer!
- Hy wil jou net vir Hom alleen hê.

Daarom kom die HERE met sulke swaar eise na jou toe.

Vers 7 vertel verder dat die Here die volk uitverkies het omdat Hy 'n welgevalle aan hulle gehad het.

- Dit was uitsluitlik 'n daad wat van God af uitgegaan het dit was nie omdat die volk so oulik was dat die HERE hulle uitverkies het nie.
- Hulle was juis die geringste van al die volke.

Hier word die heerlike daarvan geskets om aan God te behoort.

- God het jou doodeenvoudig lief omdat Hy jou uitverkies het.
- Jy moet net hierdie arms vol genade geniet wat God oor jou uitgiet.
- So was dit ook met Israel.

Dan kom die hartseer van die saak. Hulle wou nie!

- Hulle het gaan bid soos hulle wou.
- Hulle gaan ooreenkomste aan met mense van wie die HERE uitdruklik gesê het dat hulle nie met hulle kontrakte mag sluit nie.
- Hulle gooi definitiewe bevels van God oorboord.

Dan praat die HERE weer met hulle. Amos die profeet is aan die woord (Amos 3:2):

Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; daarom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede. (Amos 3:2 AFR1953)

Die woord **ken** het nie alleen intellektuele betekenis, soos wanneer jy 'n les leer of 'n bepaalde soort werk ken nie.

- **Ken** beteken ook om in liefde te weet wie is jou eiendom – dis wat dit hier beteken.
- Dis dus dieselfde as **uitverkies**. **Ken** beteken om uit genade gemeenskap met God te hê omdat Hy dit so verkies.

Maar mens kan die genade van God te ver dryf. Ja, Israel het dit gedoen.

- Daarom sê die HERE hier: Ek sal by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.
- Ek kom nie meer met julle gemeenskap hou nie.
- Ek kom julle met oordeel besoek, want julle gebruik my genade vir ongeregtige dade.
- Deur julle sondes het julle my genade verbeur.

Nou staan die uitverkorenes meteens in die skoene waarin die ander volke gestaan het toe Israel in Kanaän ingetrek het!

- *Hulle gaan verdelg word omdat hulle God nie geken het nie! Nou straf God al hulle misdade.*

Moet nou nie net na die oordeel luister nie! Hoor ook die genade.

- Dis waar dat God gaan oordeel.
- Maar dis ook waar dat ons geheilig is aan die Here ons God – dit is ook waar dat God my ken en liefhet en vrysprek omdat Hy eerste so besluit het.

Al wat ek en jy moet doen, is om Hom te gehoorsaam.

- As ons volhard in die sondes, dan is ons sekerlik verlore.
- Maar as ons ons bekeer, is ons gered – geheilig in ons God!

Die HERE het dan hierdie dinge vir die Israeliete gesê, wat het dit dan met ons te doen?

- Alles, want die HERE het hierdie dinge vir die derde keer herhaal – en toe was ek en jy ingesluit.
- Dit was die keer toe die Here dit vir die Nuwe-Testamentiese Kerk gesê het. Toe was ons ingesluit, want ons is deel van die Nuwe-Testamentiese Kerk.

Wat het die Here daardie dag gesê? Hy het aan ons geloofsekerheid gegee.

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, ... (1 Petrus 2:9 AFR1953)

Die Here bevestig sy groot genade aan ons. Daarom twyfel ons nie aan ons saligheid of aan ons roeping nie!

- Dis dan nou juis omdat jy 'n uitverkorene is dat die Here oor en oor vir jou sê: Julle is 'n uitverkore geslag!
- Julle alleen het Ek geken! Julle is 'n volk geheilig aan die Here jou God!

Dan het ons mos nie rede tot twyfel nie!

Nou is dit ook so dat ons nog nie in die hemel is nie. Ons is nog in die wêreld, en ons doen nog sondes.

- Die Here vergewe ons al hierdie sondes solank ons net werklik daarteen stry.

- Ons mag net nie doelbewus besluit om te gaan sondig en dit dan gaan doen nie. Ons moet ons dus daagliks bekeer!

Daarom die gestrengdheid van die Here:

- Om 'n heilige volk te wees, en om 'n heilige volk se geloofsleier te wees, vereis harde en suiwer onderskeidingsvermoë.
- Dit vereis ook om jou leier te volg in die ware en suiwer raad van God.
- Dit vereis ook dat ons ons eie wil sal neerlê en buig voor die dinge wat vir die Here belangrik is.

Geloofstye word nie makliker nie.

- Grense vervaag toenemend.
- Daarmee saam verval sedes en raak doodgewoon uitgefaseer deur die samelewing.

Die Here Jesus verwag dat hierdie gemeente se kers nog vlamvend sal wees as Hy kom.

- Julle is die op wie die tye nou rus om as kerk die Here verder deur die tyd tegemoet te leef.
- Dit mag dalk aan julle geweldige eise stel waarvoor julle terugdeins – maar dan mag julle ter wille van die eer van die Here en ter wille van julle heiligheid nie huiwer nie.

Israel moes almal doodmaak tot eer van God sodat die kwaad nie langer onder hulle kon inkom nie.

- Ons moet die satan se werke en sy invloed onder ons doodmaak.
- Hoe? Soos dit in 1 Petrus 2 (AFR1953) geskrywe staan:
 - **Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpraterij;** (1 Petrus 2:1)
 - **Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,** (1 Petrus 2:2)
 - **Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is;** (1 Petrus 2:4)
 - **laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.** (1 Petrus 2:5)
 - **... onthou julle van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel;** (1 Petrus 2:11)
 - **en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.** (1 Petrus 2:12)
 - **Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here.** (1 Petrus 2:13)

Wees dus geestelik wakker.

- Laat ons daagliks ons gedrag en ons lewenshouding verbeter, sodat ons hoe langer ons lewe, al hoe meer volmaak word.
- Soek julle lewenskrag in die Woord van God.
- Glo in die verlossing in Jesus Christus.

Ons hoef niks te doen vir ons saligheid nie. Die Here Jesus Christus het alles klaar gedoen.

- Hy het vir ons in die warm son gehang.
- Dis vir ons wat Hy nakend aan die kruis was sodat dit God se toorn oor die sonde kon versoen.

- Dis vir ons wat Hy opgestaan het uit die dood sodat ons kan sien hoe Hy ons ook eendag sal opwek.

Die HERE doen dit alles omdat ons een is met hierdie heilige volk.

- Daarom moet ons die Here van harte aanbid en ons leiers ook aan Hom opdra om voor te loop met suiwer bediening en persoonlike aanbidding.
- Luister ook na die oordeel: Die Here gaan ons besoek as ons nie tot bekering wil kom nie.

Dit was wat Amos gepreek het.

- Jy het die genade uit die hemel.
- Luister dan net vir die Here en bewys jou dankbaarheid vir die Here daarin dat jy lewe soos iemand wat aan God behoort.

Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies ...

Amen.

Slotgebed

Psalm 61:6 (p. 299)

- 6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Bevestigingsformulier: Ds Coenraad Vrey

Slotpsalm 134:3, 4 (p. 653)

- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.
- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: Bevestiging Ds Coenraad Vrey. Julie 2011